NOTULE VAN 'N VERGADERING VAN DIE SWARTLAND MUNISIPALE RAAD, GEHOU IN DIE MALMESBURY BANKETSAAL OP DONDERDAG, 26 APRIL 2018 OM 10:00

TEENWOORDIG:

Speaker, rdl M A Rangasamy
Uitvoerende Burgemeester, rdh T van Essen
Uitvoerende Onderburgemeester, rdh M S I Goliath

Bekebu, Z (ANC)
Bess, D G (DA)
Daniels, C (DA)
De Beer, J M (DA)
Fortuin, C B (DA)
Maart, E S M (DA)
Mfutwana, L E (EFF)
McQuire, V D (DA)
Papers, C H (DA)
Penxa, B J (ANC)
Philander, D B (ANC)
Smit, N (DA)
Sneewe, A M (ANC)
Solomons, P E (DA)
Stanley, B J (DA)
Stemele, O M (DA)
Van der Westhuizen, R F (DA)
Van Zyl, M (DA)
Zatu, N S (ANC)

Beamptes:
Munisipale Bestuurder, mnr J J Scholtz
Direkteur: Elektriese Ingenieursdienste, mnr R du Toit
Direkteur: Siviele Ingenieursdienste, mnr L D Zikmann
Direkteur: Finansiële Dienste, mnr M A C Bolton
Direkteur: Beskermingsdienste, mnr P A C Humphreys
Direkteur: Korporatiewe Dienste, me M S Terblanche
Direkteur: Ontwikkelingsdienste, mnr J T Steenkamp
Bestuurder: Sekretariaat en Rekords, me N Brand

1. OPENING

Die Speaker versoek 'n oomblik van stilte in herinnering aan die ikoniese Winnie Madikizela-Mandela wat op 2 April 2018 afgesterf het.

Die Speaker verwelkom die Uitvoerende Burgemeester, die Uitvoerende Onderburgemeester, raadslede, amptenare en die media.

Rdl D B Philander open die vergadering met skriflesing en gebed op versoek van die Speaker.

Die Speaker dra sy gelukwense oor aan rdl C H Papers wat op 3 April verjaar het.

2. VERLOF TOT AFWESIGHEID

Verlof tot afwesigheid word verleen aan rdl F S Humphreys.

3. AFVAARDIGINGS/VERKLARINGS EN MEDEDELINGS/VOORLEGGINGS

3.1 MEDEDELINGS DEUR DIE MUNISIPALE BESTUURDER: WATER SITUASIE

Die Speaker gee geleentheid aan die Munisipale Bestuurder, mnr J J Scholtz, om 'n voorlegging te doen aangaande watervoorsiening uit die Misverstanddam aan die betrokke dorpe in die Weskus.

Die Munisipale Bestuurder noem dat die voorlegging tweeledig van aard is, ten eerste om raadslede in te lig aangaande die watersituasie en ten tweede om die wetstoepas-

3.1/...

singsbeamptes wat by die vergadering aangesluit het te vereer vir die werk wat oor die afgelope week gedoen is.

Agtergrond word gegee tot die besluit van die Nasionale Departement van Waterwese om 5 miljoen m^3 uit die Bergrivierskema vry te laat om die Misverstanddam te voed, aangesien water wat vir hierdie doeleindes uit die Voëlvleidam onttrek is, misluk het.

Dit was ook op hierdie stadium belangrik om die munisipale wetstoepassers ingevolge die Wet op Waterdienste te bemagtig om op te tree teen oortreders wat onwettig water uit die Bergrivier onttrek.

Die Munisipale Bestuurder maak van die geleentheid gebruik om die Munisipale Bestuurder van die Weskus Disktriksmunisipaliteit, mnr D Joubert, te bedank vir die koördinering van die proses. Hierdie aksie, waar vyf plaaslike owerhede, provinsiale departemente en nasionale departemente betrokke was, word beskou as die beste praktyk tot op hede van samewerkende regering waarin daar in die doel geslaag is om oor ‘n afstand van 138km water aan die Misverstanddam te voorsien.

Die voorlegging van die Munisipale Bestuurder bevat fotos van die vrylating van water uit die Bergrivierskema, en die aankoms van die water by verskeie punte in die Bergrivier tot by die Misverstanddam. Die voorlegging bevat ook ontstellende fotos van onwettige strukture in die Bergrivier om op ‘n onregmatige wyse water uit die Bergrivier te onttrek, hoofsaaklik vir landbou-doeleindes.

Die Munisipale Bestuurder sluit die voorlegging af deur, namens die Bestuurspan en die Raad, eer te bring aan die wetstoepassers wat gedurende die week lang ure aan diens was om die watervloei na die Misverstanddam te monitor ten einde te verseker dat die toegekende water die dam bereik.

VIR KENNISNAME

4. NOTULES VIR BEKRAGTIGING

4.1 NOTULE VAN ‘N GEWONE RAADSVERGADERING GEHOU 29 MAART 2018

BESLUIT
(op voorstel van rdl M van Zyl, gesekondeer deur rdl E S M Maart)

Dat die notule van ‘n Gewone Raadsvergadering gehou op 29 Maart 2018 goedgekeur en deur die Speaker onderteken word.

5. VERSLAGDOENING INSAKE GEDELEGEERDE BESLUITNEMING DEUR DIE UITVOERENDE BURGEMEESTER

BESLUIT

Dat kennis geneem word van die Uitvoerende Burgemeester se besluite ingevolge gedelegeerde bevoegdheid, soos vervat in die onderstaande notule:

5.1 NOTULE VAN ‘N GEWONE VERGADERING VAN DIE UITVOERENDE BURGEMEESTERSKOMITEE GEHOU 14 MAART 2018, saamgelees met NOTULE VAN ‘N PORTEFEULJEKOMITEESVERGADERING GEHOU OP 7 MAART 2018

6. VERSLAGDOENING INSAKE GEDELEGEERDE BESLUITNEMING DEUR DIE MUNISIPALE BESTUURDER

BESLUIT

Dat kennis geneem word van die Munisipale Bestuurder se besluite ingevolge gedelegeerde bevoegdheid, soos vervat in die onderstaande notule:

6.1 NOTULE VAN ‘N VERGADERING VAN DIE BODBEOORDELINGSKOMITEE GEHOU OP 8 MAART 2018

7. SAKE VIR BESPREKING

7.1 KWARTAALVERSLAG (ARTIKEL 52 VAN MFMA): JANUARIE TOT MAART 2018 (7/1/2/2-2)

Die voorlegging van die kwartaalverslag aan die Raad word voorgeskryf deur artikel 52(d) van die Wet op Plaaslike Regering: Munisipale Finansiële Bestuur, Wet 56 van 2003 (MFMA).

Met die toestemming van die Speaker, volg daar 'n vraag- en antwoordsessie tussen rdl D B Philander en die amptenary oor aspekte uit die Artikel 52-verslag, onder andere, insake die impak van die groeiende rolprentindustrie en gepaardgaande beleidsaanpassings, die beoogde Organisasie Ondersoek ingevolge die 2017-2022 GOP en die Artikel 78 ondersoek insake volhoubare grootmaat watervoorsiening.

Die Uitvoerende Burgemeester, rdh T van Essen, val die vergadering in die rede om 'n punt van orde te stel en noem dat rdl Philander die Reëls vir die Hou van Vergaderings oortree deurdat daar nie toegelaat word dat dieselfde raadslid aanmekaar vrae oor 'n aangeleentheid mag vra nie.

Rdl D B Fortuin noem dat die Publieke Verantwoordbaarheidskomitee (MPAC) op Dinsdag, 24 April 2018 vergader het om die Artikel 52-verslag te behandel, en dat die vergadering nie deur enige van die ANC-komiteelede bygewoon was nie. Rdl Fortuin bevestig dat die MPAC as platform dien om die Artikel 52-verslag in detail te behandel en om sodoende die MPAC-lede te kapasiteer om hul oorsigroll te vervul.

Die Speaker beslis dat daar geen verdere besprekings insake die Artikel 52-verslag toegelaat sal word nie.

Rdl Z Bekebu teken beswaar aan en beskou die beslissling van die Speaker as onbillik, aangesien raadsvergaderings gehou word om raadsaangeleenthede te bespreek.

Die Speaker gee geleentheid vir rdl C B Fortuin, as voorsitter van die Publieke Verantwoordbaarheidskomitee (MPAC), om die item voor te lê.

BESLUIT
(op voorstel van rdl C B Fortuin, gesekondeer deur rdl B J Stanley)

Dat die Raad kennis neem van die aangehegte kwartaalverslag, soos voorgeskryf deur Artikel 52 van die Wet op Munisipale Finansiële Bestuur, 2003 ten opsigte van die implementering van die begroting sowel as die prestasie teenoor die topvlak dienslewering- en begrotingimplementeringsplan van die Munisipaliteit vir die periode 1 Januarie 2018 tot 31 Maart 2018.

7.2 MUNISIPALE AFBAKENING 2017-2021 (17/17/1/1)

Die Munisipale Afbakeningsraad het in 2017 te kenne gegee dat daar nie wesenlike herafbakening van munisipale grense beoog word nie, maar bloot tegniese herbelynings.

Die aangehegte Omsendbrief 1 van 2018 is ontvang vanaf die Munisipale Afbakeningsraad waarin inligting deurgegee word insake die proses gevolg staan te word om rolspelers in te lig oor die tegniese herbelyning van munisipale grense.

Die Munisipale Bestuurder, mnr J J Scholtz, gee 'n gedetailleerde illustrasie van die voorgestelde herbelyning van munispale grense.

BESLUIT
(op voorstel van rdl V D McQuire, gesekondeer deur rdl C Daniels)

(a) Dat kennis geneem word

(i) van die inhoud van Omsendbrief 1/2018 van die Munisipale Afbakeningsraad, rakende die beplande program vir die tegniese munisipale grensafbakeningsproses;

(ii) dat vertoë/...

7.2(a)/...

(ii) dat vertoë en/of kommentaar op die voorgestelde herafbakening van die munisipale grens teen nie later nie as 28 April 2018 by die Afbakeningsraad ingedien moet word, in die voorgeskrewe formaat;

(b) Dat, met verwysing na die kaarte ontvang vanaf die Afbakeningsraad waarop die voorgestelde wysigings aangetoon is, die volgende kommentaar aan die Afbakeningsraad deurgegee word as die standpunt van die Raad

KORT BESKRYWING VAN KAART VAN AFBAKENINGSRAAD	STANDPUNT VAN SWARTLAND MUNISIPALE RAAD
DEM6303 : Voorgestelde herafbakening van munisipale grense om die gedeelte van die Plaas Boterkloof wat tans in Drakenstein Munisipaliteit se regsgebied geleë is by Swartland Munisipaliteit se regsgebied in te sluit.	Die Raad ondersteun die insluiting van hierdie gebied by Swartland Munisipaliteit se regsgebied (WC015) – behels 'n tegniese herbelyning van grense.
DEM6316 : Voorgestelde herafbakening van munisipale grense om 'n gedeelte van die Plaas 565 wat tans in Swartland Munisipaliteit se regsgebied geleë is by Stad Kaapstad se regsgebied in te sluit – kus reserwe/ ongeregistreerde staatsgrond.	Die Raad ondersteun nie die insluiting van hierdie gebied by Stad Kaapstad nie – behels nie 'n tegniese herbelyning van grense nie.
DEM6317 : Voorgestelde herafbakening van munisipale grense om 'n gedeelte van Plaas Modderfontein 27 wat tans in Swartland Munisipaliteit se regsgebied geleë is by Stad Kaapstad se regsgebied in te sluit.	Die Raad ondersteun die uitsluiting van hierdie gedeelte van Swartland Munisipaliteit se regsgebied, aangesien dit 'n tegniese herbelyning van munisipale grense behels.
DEM6318: Voorgestelde herafbakening van munisipale grense om 'n gedeelte van Plaas Mosselbank 906 wat tans in Swartland Munisipaliteit se regsgebied geleë is by Stad Kaapstad se regsgebied in te sluit.	Die Raad ondersteun die uitsluiting van hierdie gedeelte van Swartland Munisipaliteit se regsgebied, aangesien dit 'n tegniese herbelyning van munisipale grense behels.
DEM6319: Voorgestelde herafbakening van munisipale grense om Gedeelte 10 van die Plaas Munniks Dam 908 wat tans in Swartland Munisipaliteit se regsgebied geleë is by Stad Kaapstad se regsgebied in te sluit.	Die Raad ondersteun nie die uitsluiting van hierdie gedeelte van Swartland Munisipaliteit se regsgebied nie – behels nie 'n tegniese herbelyning van grense nie. Alhoewel Swartland Munisipaliteit bewus is dat Stad Kaapstad beoog om 'n vullisstortingsterrein op hierdie gedeelte grond te vestig, was daar nog geen poging vanaf Stad Kaapstad gewees om met Swartland Munisipaliteit in hierdie verband te konsulteer nie.
DEM6320: Voorgestelde herafbakening van munisipale grense om 'n gedeelte van Plaas 1092 wat tans in Stad Kaapstad se regsgebied geleë is by Swartland Munisipaliteit se regsgebied in te sluit.	Die Raad ondersteun die insluiting van gedeelte van die Plaas 1092 by Swartland Munisipaliteit se regsgebied (WC015) – behels 'n tegniese herbelyning van grense.

7.3 VOORGESTELE VERVREEMDING VAN MUNISIPALE ONROERENDE EIENDOMME (RESIDENSIËLE EIENDOMME) TE MALMESBURY (12/2/5/4-8/17)

Daar is in 2017 op tender uitgegaan vir die vervreemding van erf 3109, Kameelboomstraat, Malmesbury, maar die suksesvolle tenderaar kon nie die nodige finansiering kry nie, en het die transaksie deur die mat geval.

In die geval/…

7.3/…

In die geval van die ondergenoemde erwe in Dalsig, Malmesbury was hierdie erwe nie ingesluit by die eiendomme wat beskikbaar gestel is tydens ‘n veiling wat in Maart 2015 plaasgevind het nie.

Dit is dus die voorneme om die ondergenoemde residensiële eiendomme by wyse van publieke mededinging te koop aan te bied.

BESLUIT
(op voorstel van rdl J M de Beer, gesekondeer deur rdl C Daniels)

(a) Dat die Raad in beginsel goedkeuring verleen in terme van Artikel 14 van die Wet op Munisipale Finansiële Bestuur, 2003 en die Verordening en Beleid insake Oordrag van Munisipale Bates dat finansiële aanbiedinge by wyse van openbare tender gevra word vir die vervreemding van die volgende vakante onroerende (residensiële) eiendomme in Malmesbury:

- Erf 3109 (713 m² groot), Kameelboomstraat
- Erf 10388 (411 m² groot), Fynbosstraat
- Erf 10335 (511 m² groot), Fynbosstraat
- Erf 10354 (400 m² groot), Klipkoppieslot
- Erf 10357 (399 m² groot), Klipkoppieslot

(b) Dat kennis geneem word dat die eiendomme wat te koop aangebied staan te word uit die staanspoor vir vervreemding as residensiële eiendomme geïdentifiseer is in terme van die sonering daarvan en in geen stadium vir die verskaffing van ‘n minimum of enige ander vlak van basiese munisipale dienste geoormerk is nie;

(c) Dat, soos in die geval van die ander residensiële eiendomme wat die afgelope twee jaar in Dalsig en Newclair van die hand gesit is, die reserwepryse vir die betrokke vyf eiendomme ook vasgestel word teen 70% van die munisipale waardasie (datum van waardasie: 1 Julie 2015), vir die volgende redes:

- Gemelde erwe nie in die onlangse verlede ontwikkel is nie, maar reeds vir talle jare vakant is (Newclair-erwe sedert 1987) en die ontwikkelingskoste daarvan dus reeds ten volle verhaal is;
- Daar ‘n begerigheid bestaan om aan die voornemende toetreders tot die eiendomsmark die geleentheid te bied om dit wel te doen aangesien van hulle in die sg. “GAP” kategorie val;
- Daar kennis geneem word van die inkomste wat verlore gaan weens die feit dat die erwe vakant is en nie oor eienaars beskik wat ‘n verantwoordelikheid het ten aansien van beskikbaarheidsgelde en gelikwideerde skadevergoeding nie;

(d) Dat die reserwepryse (BTW uitgesluit) vir die eiendomme gevolglik vasgestel word soos volg, welke reserwepryse deur die Raad geag word die markwaarde daarvan billik te reflekteer:

Erf 3109	R136 150,00
Erf 10388	R89 250,00
Erf 10335	R102 900,00
Erf 10354	R87 850,00
Erf 10357	R87 500,00

(e) Dat die voorneme van die Raad om die eiendomme by wyse van publieke mededinging te koop aan te bied, vir kommentaar en/of besware geadverteer word;

(f) Dat volmag verleen word
(i) <u>aan die Uitvoerende Burgemeesterskomitee</u> om
- te handel met enige kommentaar en/of beswaar wat in verband met die voorgenome transaksies ontvang word; en om
- die aanbiedinge wat ontvang word vir die eiendomme te oorweeg vir aanvaarding al dan nie, en om ‘n besluit te finaliseer rakende die oordrag van die bates;

7.3(f)/...

(ii) aan die Direkteur: Korporatiewe Dienste om die voorwaardes van verkoop vir tenderdoeleindes te finaliseer in oorlegpleging met al die tersaaklike interne rolspelers, asook die raadsprokureur;

(g) Dat goedkeuring verder verleen word dat indien bogemelde eiendomme onverkoop bly na afloop van die betrokke mededingende proses, dit uit-die-hand-uit op ‘n ‘first come first serve’ basis verkoop mag word teen die reserwepryse soos voormeld, onderhewig daaraan dat die Munisipaliteit sy voorneme om die eiendomme vanaf ‘n gegewe datum uit-die-hand-uit te verkoop, bekend sal maak, en met dien verstande dat die verkope van sodanige eiendomme beperk sal word tot hoogstens een erf per koper en dat die reservering van eiendomme vir ‘n bepaalde koper beperk sal word tot ‘n periode van hoogstens een kalendermaand.

GETEKEN:
SPEAKER